MUNISIPALITEIT VAN **PRINS ALBERT**

Rig alle korrespondensie aan:
DIE MUNISIPALE BESTUURDER
Privaatsak X53,
Prins Albert, 6930

MUNICIPALITY OF **PRINCE ALBERT**

Address all correspondence to:
THE MUNICIPAL MANAGER
Private Bag X53,
Prince Albert, 6930

E-Pos / E-Mail: adminklerk@pamun.gov.za
Tel: 023-541 1320, Fax: 023-541 1321

## PRINS ALBERT MUNISIPALITEIT

## KENNISGEWING NOMMER 107/2017

### AANSOEK VIR AFWYKING VIR BOEKVERKOPE VANAF WOONPERSEEL

### ERF 42, MEIRINGSTRAAT 21, PRINCE ALBERT

| | |
|---|---|
| **Aansoeker** | **MARLENE HUGO** |
| **Eienaar:** | **DJH & M HUGO** |
| **Verwysingsnommer:** | **PA42** |
| **Eiendomsbeskrywing:** | **Erf 42, Meiringstraat 21, Prince Albert** |
| **Fisiese Adres:** | **Meiringstraat 21, Prince Albert** |
| **Beskrywing van voorstel:** | Aansoek in terme van Artikel 15(2)(c) van die Munisipale Grondgebruikbeplanning Verordening vir Prince Albert Munisipaliteit. Hierdie aansoek is vir oorweging van 'n tydelike verandering van grondgebruik reg op **Erf 42, Meiringstraat 21, vir boekverkope vanaf woonperseel.** |

Kennis geskied hiermee in terme van Artikel 45 van die Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning vir Prince Albert Munisipaliteit dat die bogenoemde aansoek ontvang is en ter insae lê gedurende weeksdae tussen 07h30 en 16h00 by die Kantoor van die Bestuurder: Korporatiewe- en Gemeenskapsdienste, Kerkstraat 33, Prince Albert.

Enige skriftelike kommentaar in terme van Artikel 50 van die genoemde Verordening kan gerig word aan die **Munisipale Bestuurder, Prince Albert Munisipaliteit, Privaatsak X53, Prince Albert, 6930, Faks No: 023 – 5411321, e-pos: adminklerk@pamun.gov.za** voor of op **VRYDAG 6 OKTOBER 2017** met vermelding van u naam, adres kontakbesonderhede, belang in die aansoek en redes vir kommentaar.

Telefoniese navrae kan gerig word aan die Bestuurder: Korporatiewe- en Gemeenskapsdienste, **Me. Anneleen Vorster by Tel. No 023-5411320.** Die Munisipaliteit kan weier om kommentaar te aanvaar na die sluitingsdatum Enige persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende die kantoor ure van die Munisipaliteit na ondergemelde kantoor kom waar me Karin van der Mescht sodanige persoon sal help om sy/haar kommentaar en/of besware af te skryf.

| | |
|---|---|
| **pp: HFW METTLER**<br>**MUNISIPALE BESTUURDER**<br>17 Augustus 2017<br>This notice is also available in English on request | **Munisipale Kantore**<br>**Kerkstraat 33**<br>**Privaatsak X53**<br>**PRINCE ALBERT**<br>**6930**<br>**Tel: (023) 5411 014**<br>**Faks:(023) 5411 321** |

MUNISIPALITEIT VAN **PRINS ALBERT**

Rig alle korrespondensie aan:
DIE MUNISIPALE BESTUURDER
Privaatsak X53, Prins Albert, 6930

MUNICIPALITY OF **PRINCE ALBERT**

Address all correspondence to:
THE MUNICIPAL MANAGER
Private Bag X53, Prince Albert, 6930

E-Pos / E-Mail: adminklerk@pamun.gov.za
Tel: 023-541 1320, Fax: 023-541 1321

## PRINCE ALBERT MUNICIPALITY

## NOTICE NR 107/2017

### APPLICATION FOR DEPARTURE FOR BOOK SALES FROM RESIDENTIAL PREMISES

### ERF 42, 21 MEIRING STREET, PRINCE ALBERT

| | |
|---|---|
| **Applicant** | **MARLENE HUGO** |
| **Owner:** | **DJH & M HUGO** |
| **Reference number:** | **PA 42** |
| **Property Description:** | **ERF 42, 21 MEIRING STREET, PRINCE ALBERT** |
| **Physical Address:** | **21 MEIRING STREET, PRINCE ALBERT** |
| **Description of Proposal:** | Application in terms of Section 15(2)(c) of the Municipal Land Use Planning By-Law for Prince Albert Municipality. This application is for consideration for a temporary change of land use right on **Erf 42, 21 Meiring Street, for book sales from residential premises.** |

Notice is hereby given in terms of Section 45 of the By-Law on Municipal Land Use Planning for Prince Albert Municipality that the above-mentioned application has been received and is available for inspection during weekdays between 07h30 an 16h00 at the Office of the Manager: Corporate- and Community Services, 33 Church Street, Prince Albert.

Any written comments may be addressed in terms of Section 50 of the said By-Law to the **Municipal Manager, Prince Albert Municipality, Private Bag X53, Prince Albert, 6930, Fax No 023-5411321, e-mail: adminklerk@pamun.gov.za** on or before **FRIDAY 6 OCTOBER 2017**, quoting your name, address, contact details, interest in the application and reasons for comments.

Telephonic enquiries can be made to the Manager: Corporate- and Community Services, **Ms. Anneleen Vorster at Telephone No 023- 5411320.** The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write are invited to visit under-mentioned office of the Municipality where Ms Karin van der Mescht will assist such person to transcribe his/her objections and/or comments.

| | |
|---|---|
| **pp: HFW METTLER**<br>**MUNICIPAL MANAGER**<br>17 August 2017<br>Hierdie kennisgewing is ook in Afrikaans beskikbaar op aanvraag | **Municipal Offices**<br>**33 Church Street**<br>**Private Bag X53**<br>**PRINCE ALBERT**<br>**6930**<br>**Tel: (023) 5411 014**<br>**Fax: (023) 5411 321** |

MOTIVERINGSBRIEF VIR AANSOEK OM AFWYKING

MEIRINGSTRAAT 21, PRINS ALBERT, 6930

---

AAN WIE DIT MAG AANGAAN

Ek hanteer sedert 2014 die boekverkope van die Prince Albert Leesfees (by die Jans Rautenbach Schouwburg), asook 'n boekstalletjie by die Prins Albert Kos-en-olyffees en die Prins Albert Landbouskou.

Die getal boeke het sedertdien aangegroei (ek wou dit weens versendingskostes en die moontlikheid van beskadiging nooit na die verskaffers terugstuur nie), en wil daarom graag - tussen die feeste deur - die boeke vanuit my huis (my studeerkamer, wat 'n buitevertrek is) verkoop. Prins Alberters het die afgelope sowat 'n jaar agtergekom hulle kan nuwe sowel as tweedehandse boeke by my koop, of dat ek hulle kan help om boeke wat hulle soek en graag wil he^, te vind. Boeke, het ek gevind, is ook 'n baie lekker geskenk.

Ek wil dus graag aansoek doen om 'n vergunning om boekverkope vanaf ons woonerf te bedryf. Dis 'n lae-impak-bedryf, met 'n gemiddelde van sowat 2/3 kopers per dag.

Om die volgende redes:

(1) Dis vir my een van die lekkerste tydverdrywe ooit! Ek is 'n ywerige leser en boekkenner, en my man (Daniel Hugo) is 'n digter en skrywer;

(2) Ek sou nooit 'n perseel in die dorp kon huur om 'n volwaardige boekwinkel te bedryf nie, weens die lae winsgrens op boeke, plus die oorhoofse kostes, plus die huur van 'n assistent op 'n dorpsperseel - ek sou dan sulke ekstras by die boekpryse moes voeg, wat dit dan weer 'n onhaalbare besigheid sou maak;

(3) Op die oomblik is my winsgrens baie laag, want ek hou boekpryse so laag moontlik;

(4) Ek verskaf 'n noodsaaklike diens aan die dorp - vir inwoners, onderwysers en leerders, sowel as toeriste. Boekverkope - veral nuwe boeke - is 'n ernstige leemte in Prins Albert;

(5) Ek skenk ALTYD boeke as pryse vir skole se prysuitdelings, of selfs vir liefdadigheidsorganisasies, die Landbougenootskap en die VLV as pryse in kompetisies, of om geld in te samel in lootjiekompetisies of in gelukstrekkings;

(6) Ek help skole ook om handboeke in die hande te kry;

(7) Ek verkoop graag (en stal uit) die boeke van ons dorp se vele skrywers: Ek het onlangs bv die bekendstelling geree"l van die nuwe kinderboek van me Louisa Punt-Fouche;

(8) Ek verskaf werk: Twee assistente met die Leesfees (drie dae lank), twee assistente by die landboufeeste; een assistent op my perseel wanneer ek met vakansie gaan;

(9) Ek dink, sou ek so 'n besigheid hier bedryf, ek 'n leeskultuur in die dorp verder kan aanwakker;

(10) Ek wil my bedryf graag op die Toerisme-webblad lys en by gastehuise, winkels en restaurante adverteer. Ek sou ook bly wees as die munisipaliteit my kan help om so 'n huiswinkel te help "adverteer" deur padaanwysings, indien moontlik;

(11) Hier is genoeg parkeerplek (2/3 motors per dag) aan Meiringstraat en Devenishstraat (ons het 'n hoekerf). Die inrit van die huis is slegs 3.2m en is dus nie wyd genoeg vir voertuie om in en uit te ry indien daar ander voertuie staan nie. Soos die geval is by verskeie ander huiswinkels in

Prins Albert, kan voertuie op die sypaadjie parkeer. Daar is nooit genoeg motors om 'n verkeersknoop te veroorsaak nie.

Ek hoop u hanteer my aansoek gunstig.

Die uwe

Marlene Malan

27.07.17

Meiringstraat 21, Prins Albert

083 308 6305